



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 278

15 Maart 2010

TOULEIER

Lugverkoeling se voordele



Dis 'n luilekker lentedag hier in Doha. Nog so 'n maand voor al 10 die lugreëlaars in die villa weer volstoom loop, 24/7. Die temperatuur draai darem nog maar net hier by 32 grade Celsius. Lekker koel. 'n Man kan nog braai sonder om die vuur dood te sweet.

Die ander voordeel van die baie lugverkoeling is hul dowwe dreuning. Die feit dat hulle darem sagkens die Imam se gesanik omtrent heeltemal uitwis of so ver in die agtergrondgeraas in terugstoot dat mens darem weer deur dit kan slaap.

Die Imams het mos deesdae almal luidsprekers bo in die minarette se torings en hulle begin mos elke dag 'n minuut vroeër. Hulle trek juis nou al by 04:29 met die eerste sanikpsalm. Volg glo die maan se tye. Ook maar goed ons is nie ook met die maan gepla nie. Of is ons?

So daarvan gepraat, hier is 'n bietjie inligting vir die nuwe aankomelinge in Kammaland en die onlangse intrekke in Onsdorp.

Munisipale belasting en dienste

Vir die R120 munisipale belasting wat al julle werkende jong mense per jaar betaal (afgetredenes bly en lees gratis) kry jy, behalwe vir die gereelde nuusbrief, ook 'n hele swetterjoel gratis, verniet en mahalla dienste van die stadsraad.

Om maar net 'n paar te noem: Die stand van die maan; So maak mens – wenke, raad en resepte op Retha Kruger se werf; 'n wêreldkaart; verniet advertensies; stamboomplasinge, leefstyladvies en 'n biblioteek met klomp breinboelies en storieboeke en selfs ons eie "Tolla" in die persoon van Jats André Dippenaar daar van Vredenburg se wêreld wat vir ons vermaak met oorle Oompie Doors se vertellinge.

Al wat ons van ons nuwe en gevestigde intrekke vra, is dat hulle gereeld tog kontak maak en ons vertel wat in hulle deel van Duskant en Anderkantland aangaan. Of sommer net vir ons 'n lekker sappige staaltjie of grappie instuur wat ons kan deel met ons lesers. Vertaal asseblief enige Engelse stukkie wat jy instuur vir ons in Afrikaans.

Hier is 'n voorbeeld van een wat 'n leser vir ons eers vertaal het alvorens hy hom ingestuur het:

Verloor ek mos nou die aand met net een punt ons kroeg se vasvrawedstryd.

Die vraag wat ek verkeerd gehad is was: *Waar het vrouens meestal kort en krullerige hare?*

Die antwoord verskyn aan die agterkant van **Agteros**.



En terwyl ons met raaisels besig is:
WATTER VLAG IS DIT HIERDIE?

Wie van julle kan raai waar hierdie vlag geswaai word?

Dié antwoord is ook aan die agterkant van hierdie week se **Agteros**.

Nou ja, groete hier uit die duinewêreld van Doha,

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Afrikaanse en Suid-Afrikaanse musiek op die internet by: www.coralcoastradio.net.au elke Donderdag 6 – 8 nm. (Queensland-tyd) met Rochelle uit Bundaberg. Musiek vir oud en jonk. Sluit ook aan op Face Book by Afrikaans Sonder Grense, word deel van die Afrikaanse musiekfamilie in die buiteland!

Allegaartjie

Dit gaan nou langer duur om my e-posse te stuur.



Iemand het my kredietkaarte gesteel, maar ek gaan dit nie rapporteer nie. Die dief spandeer minder as my vrou.

Die dronkie verskyn in die hof.
"Jy is hier vir drank," sê die magistraat.
"Fantasties," sê die dronkie. "Wanneer begin ons?"

Grappies wat nie Polities Korrek is nie

Die Londense polisie het 'n bom buite 'n moskee gevind. Hulle het aan die publiek gesê om nie bekommerd te wees nie: Hulle het daarin geslaag om dit in die moskee terug te druk.

Gedurende verlede nag se windstorm is het 'n gesin uit Afrika omgekome.

'n Woordvoerder van Birmingham se stadsraad het gesê: "Ons het nie eens geweet hulle bly in die boom nie."

Jamaikaanse minderhede in Brittanje het gekla daar is nie genoeg programme op TV vir hulle nie.

Die BBC het toe besluit om *Crimewatch* vyf keer per week uit te saai.

Ek het vandag in die koerant gelees van 'n dwerg wat onder 'n sakkeroller deurgeloopt het. Ek het nie geweet iemand kan so laag daal nie.

Die man loop in die straat en sien 'n Afgaan op die vyfde vloer van 'n woonstelblok besig om 'n tapyt uit te skud.

"Wat skort, Abdul?" vra hy.
"Sukkel jy om op te styg?"

JOODSE MANS

Hoekom word Joodse mans besny?

Wat Joodse vrouens aanvaar niks as daar nie 'n 20% afslag is nie.

Toets jou intelligensie

Antwoord vier vrae

Probeer dit eers self uitwerk voordat jy na die antwoorde kyk.

1. Hoe sit jy 'n kameelperd in 'n yskas?

Antwoord: Maak die yskas oop, sit die kameelperd in en maak die deur toe. Die toets was of jy eenvoudige aksies kompliseer.

2. Hoe sit jy 'n olifant in 'n yskas?

Het jy gesê jy maak die yskas oop, sit die olifant in, maak die deur toe?

Verkeerd!

Die regte antwoord is: Maak die yskas oop, haal die kameelperd uit, sit die olifant in en maak die deur toe.

Dit was 'n toets vir jou vermoë om die gevolge van jou vorige aksie te deurdink.

3. Koning Leeu hou 'n dierekonferensie. Almal behalwe een daag op. Watter dier is afwesig?

Antwoord: Die olifant - hy is mos in die yskas. Dit was 'n toets vir jou geheue.

Selfs al het jy al drie antwoorde verkeerd gehad, kry jy nog een kans om jou ware vaardighede te toon.

4. Jy moet 'n rivier vol krokodille oorsteek, en jy het nie 'n bootjie nie. Hoe doen jy dit?

Antwoord: Jy spring in die rivier en swem deur. Het jy dan nie geluister nie?

Al die diere behalwe die olifant is mos by Koning Leeu se vergadering.


Die toets was om te kyk of jy uit jou foute kan leer. Toetse toon dat 90% volwassenes die toets druipt, maar dat voorskoolse kinders dikwels die regte antwoord gee.

Dit bewys ook dat die meeste volwassenes nie die brein van 'n vierjarige het nie.



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com



Hierdie foto is in 'n parkeer-garage in Gauteng geneem. Die wiel behoort aan 'n ligblou Ford Escort 1.3.

HELP, DOKTER!

"Dokter, ek voel aanmekaar dat ek al voorheen hier was."
"O, is dit alweer jy!"

"Dokter, ek dink ek het 'n bril nodig."
"Ek stem saam. Jy is in 'n vis-en-skyfies-winkel."

"Dokter, ek is bekommerd. Dis my eerste operasie!"
"Toemaar, wees gerus. Dit maak twee van ons."

"Dokter, ek sien aanmekaar kolle voor my oë."
"Het jy al 'n oogkundige gesien?"
"Nee, dis altyd net kolle!"

NIE GOED GENOEG

Die Joodse seuntjie kom tuis en vertel sy ma hy het 'n rol in die skoolkonsert:
Hy gaan die rol van 'n Joodse vader speel.
Die ma trek 'n suur gesig en sê: "Sê vir hulle jy wil 'n pratende rol hê."

REKENAARPROBLEME

Die tegnikus se baas kyk verbaas op toe hy die man se jongste verslag lees oor 'n besoek aan iemand met 'n rekenaarprobleem.

Baas: "PICNIC? Waarvoor staan daar PICNIC in die verslagkolom? Wat beteken dit?"

Tegnikus: "Dis die Engels vir Problem In Client, Not In Computer."

Klant: "Hallo, my naam is Maureen. Ek kan nie druk nie. My rekenaar sê elke keer 'Can't find printer.' Ek het selfs die drukker opgetel en voor die monitor neergesit, maar dit help ook nie."

Tegnikus: "Wat is nou op jou monitor, dame?"

Klant: "'n Teddiebeer wat my vriend by Woolies vir my gekoop het."

MAKLIK GEDOEN

Die man vra vir die kelner in die restaurant of hulle wilde eend het.

Kelner: "Nee, meneer, maar ons kan altyd 'n mak een vir meneer die moer in maak!"

TANDE TREK

Vrou by tandarts: "Ek raak eerder swanger as om 'n tand te laat trek!"

Tandarts: "Dame, besluit nou asseblief, sodat ek kan weet hoe om die stoel te stel."

PEANUTS deur Schulz





Petronella

PRAAT PADLANGS

Nie miljoene nie, miljarde. Dis die maatstaf waar daar van geld vermorsing in ons Suidland gepraat word. Verbruikers skuld munisipaliteite R56 miljard. Nie dat dit enige gevaarligte vir die base in beheer van munisipaliteite laat aangaan nie. Nee wat, daar is mos nog die handjie vol eerlike betalende verbruikers wat hulle salarisse kan opmaak. Solank daar 'n tjek of twee inkom om die groot kokkedore se skamele fooi op te maak word daar nie veel bekommer oor die dienste wat gelewer moet word nie.

Op dié noot het uwe Minister van Kooperatiewe regering, Shiceka, die vermetelheid om die skuld vir swak dienste op wit belastingbetalers te pak. Verstaan die man nie ekonomie nie, of is hy dalk net siek?

In alle geval, as die verbruiker nie betaal nie. maak dié regering op vir verliese. Die bom gaan bars oor Bombokela se konstruksie-eis van byna R10 miljard. Waarvoor vra julle. Raai. Die regering se onvermoë om die terreine waaroor die trein moet ry, betyds te oorhandig. Die verdragings en ontwigtings wat deur dié nalatigheid veroorsaak is, kan maak dat trein se gebruikers dalk meer sal moet opdok om die trein te kan gebruik. Dis nou as ons hom ooit sal kan gebruik.

Terwyl Elizmatjie en Theunsie dinge warm vry voor die kameras op Jakkalsdraai, en seker op ander plekke ook, is Madikizela nog steeds kwaad vir oom Nelson. En waarvoor, oor hy hand aan hand met FW sy vredeprys loop haal het. Die vrou het vir jou 'n geheue soos 'n olifant. Mens sou dink te min onderhoud-geld kan jou so lank in die rooi druk by jou gewese liefde maar wys jou net. Kyk die kat maar mooi uit Theuns, netnou is daar nie meer waarde in die ware liefde nie en dan sit jou turf.

Die kerk terplaats wil in alle geval nie meer man en vrou aan mekaar laat trou beloop nie. Te veel rompslomp en probleme met onopgeleide personeel wat moet seker maak registrasie van die troupaartjie vind plaas. Met so baie kanse om vrou te vat kan mens hulle byna nie verkwelik nie. Hoe word daar boek gehou oor huwelike tussen een man en 'n paar vrouens?

Een ding is seker, as jy so min van jou eie departement weet soos die Adjunk van Polisie, Fikile Mbalula, gaan jy nie oor die paar miljoen troues wat jaarliks plaasvind omgee nie. Nie 'n enkele vraag oor probleme in sy departement kon die man antwoord nie. Dis probleme oor persepsies van misdaad wat bestaan wat hom uit die slaap hou. Nie die 367 mense wat die polisie in 9 maande se tyd dood geskiet het nie. Daarvan was 8 onskuldige omstanders. Jy moet jou sit en staan ken in die land. En nuwe maand die 4000 wapens waarvan die polieste g'n sout of water weet nie

As jy nou 'n koets op pad na 'n "queen" toe kan vol sit soos ons Prez se 3de vrouetjie, dan is die pad vorentoe vir jou oop. Die Britse pers was glo heel uitgesproke oor haar voorkoms.

As mnr. Ronnie Maklodo nie te besig is nie, kan hy my asseblief help om my rybewys ook hernu te kry. Hy was so behulpsaam met Juju se aansoek. Die man verdien 'n pluimpie..... Of dalk was dit bloot 'n verjaardaggekenk?

Die wit boere se plase gaan ook nie meer onteien word nie. Die bietjie geld wat oor is – R4 miljard – moet nou eers bestee word om die verwaarloosde onteieneinde plase weer op te knap. Die regering besef nou jy kan nie 'n man sonder kennis, opleiding en kapitaal op 'n plaas sit en 'n knoppie druk en dan boer hy nie – hy het kapitaal en opleiding nodig as jy wil hê moed voedsel produseer. En hy kan nie 33 maande vir sy kapitaal wag nie. Dis al lankal gesê, maar party mense moet mos eers 'n ding sien gebeur voor hulle die vanselfsprekende sal glo, veral as 'n wit man dit sê. Hulle wou ook nie oor Eskom luister nie en nou wil hulle ook nie luister oor waterbronne en paaie nie.

Pa se dogter: Reëls vir haar kêrels

Reël 1:

As jy in my oprit stilhou en toet, hoop ek jy lewer 'n pakkie af, want jy gaan beslis niks optel nie.

Reël Twee:

Jy raak nie voor my aan my dogter nie. Jy mag na haar kyk, maar niks laer as haar nek nie. As jy nie jou hande van my dogter kan afhou nie, sal ek hulle vir jou verwyder.

Reël Drie:

Ek weet dis mode vir seuns van jou ouderdom om hul broeke so te dra dat dit lyk of dit van hul heupe gaan afval. Ek wil die saak met 'n oop gemoed benader, dus stel ek voor: Jy mag by die voordeur kom met onderklere wat sigbaar is en 'n broek wat tien groottes te groot is. Ek sal dan my spykergeweer gebruik en jou broek stewig om jou lyf vasmaak sodat hy nie afkom wanneer jy saam met my dogter is nie.

Reël Vier:

Ek is seker jy is vertel dat in vandag se wêreld seks sonder 'n versperring van 'n soort tot die dood kan lei. Wanneer dit by seks met my dogter kom, is ek die versperring wat tot jou dood sal lei.

Reël Vyf:

Dit is algemene gebruik dat vir ons om mekaar te leer ken, ons oor sport, politiek en sake van die dag gesels. Moet dit asseblief nie doen nie. Al wat ek van jou wil hoor is wanneer jy my dogter veilig terugbring. Die enigste woord wat jy mag gebruik, is "vroeg".

Reël Ses:

Ek glo jy is 'n gewilde kêrel met baie geleenthede om ander meisies uit te vra. Dis oukei met my, solank my dogter dit ook goedkeur. Andersins sal jy, as jy my dogter uitneem, aanhou om haar uit te neem totdat sy jou afsê. As jy haar laat huil, gaan ek jou laat tjank.

Reël Sewe:

As jy in my portaal op my dogter staan en wag en meer as 'n uur verloop - moenie sug of vroetel nie. As jy betyds vir die fliëk wil wees, moet jy sonder my dogter gaan. Sy is besig met haar grimering - 'n proses wat langer kan duur as om die Golden Gate brug te verf. Pleks van net daar staan, kan jy iets nuttigs doen, soos om die olie in my motor te vervang.

Reël Agt:

Jy mag my dogter nie na die volgende plekke neem nie:

1. Plekke waar daar beddens of sitbanke of enigiets sagter as 'n houtstoel is.
2. Plekke wat donker is.
3. Plekke waar daar gedans, handjies gehou en vreugde ondervind word.
4. Plekke waar dit warm genoeg is om my dogter aan te moedig om kortbroeke, T-hemde wat tot by haar middellyf kom te dra, of enigiets anders as 'n oorpak, 'n trui of 'n parka wat tot by haar nek toegerits is.
5. Fliëks met 'n seksuele of romantiese tema moet vermy word. Fliëks waarin treksaer voorkom is oukei.
6. Hokkiewedstryde is oukei, maar ouetehuse is beter.

Reël Nege:

Moenie vir my lieg nie. Ek het miskien 'n kaalkop en 'n bierpens en 'n dom uitdrukking op my gesig. Maar in sake wat my dogter raak, is ek die alwetende, genadelose god van die heelal. As ek jou vra waarheen julle gaan, het jy een kans om my die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid nie te vertel. Ek het 'n haelgeweer, 'n pik, 'n graaf en vyf akker grond agter my huis.

Reël Tien:

Wees bang, wees baie bang. Ek kan maklik die klank van jou kar in my oprit verwar met 'n helikopter wat oor Cuito Canavale vlieg en my haelgeweer laai. As jy uit jou kar klim, wil ek albei jou hande sien. Gee die wagwoord en sê in 'n duidelike stem dat jy my dogter vroeg en veilig terugbring. Klim dan in jou kar en ry, daar is geen rede om in te kom nie.

Die gekamoefleerde gesig in die venster is myne.

Die briljante verkoopsman

'n Jong man uit die Vrystaat kom Johannesburg toe en gaan na een van daai "alles-onder-een-dak" winkels en soek vir werk. Die bestuurder vra hom: "Het jy enige ervaring met verkope?"

"Ja", sê die mannetjie, "ek het kunsmis by die koöperasie verkoop".

Die baas het van die jong man gehou en gee toe vir hom die werk.

"Jy begin more. Ek sal so teen sluitingstyd 'n draai kom maak om te sien hoe dinge gegaan het."

Sy eerste dag was 'n bietjie rof, maar hy het dit gemaak. Nadat die winkel gesluit het, kom maak die baas 'n draai op die winkelvloer.

"So, hoeveel klante het jy vandag gehad?"

Die jong man antwoord sonder om te huiwer: "Een."

"Net Een? Ons verkoopsmense hier hanteer 'n gemiddeld van 20 tot 30 klante op 'n dag. Hoeveel het die klant spandeer?"

"R461 387.55" sê die jongman.

"R461 387.55?! Wat die joos het jy aan hom verkoop?!"

"Wel," sê die man, "Ek het eers 'n klein vishoek aan hom verkoop. Toe verkoop ek 'n medium grootte vishoek en uiteindelik 'n groot vishoek. Toe verkoop ek aan hom 'n nuwe visstok.

"Toe het ek hom gevra waar hy gaan visvang en hy sê toe by Sodwana aan die noordkus en ek sê toe vir hom dan gaan hy beslis 'n groter boot nodig hê. Toe stap ons oor na die bootafdeling en ek verkoop aan hom 'n nuwe Kingkat met dubbele Yamaha buiteboordenjins.

"Hy sê toe vir my hy dink nie sy Toyota Corrola gaan die ding gesleep kry nie, toe vat ek hom na die motorafdeling en verkoop aan hom 'n nuwe 4x4 Hilux Raider."

Verstom vra die baas: "n Ou kom hier in om 'n vishoek te koop en jy verkoop aan hom 'n boot en 'n bakkie?"

"Nee, hy was hier om 'n boks tampons vir sy vrou te koop, toe sê ek vir hom wel, jou naweek is in elk geval opgeneuk, jy kan maar net sowel gaan visvang."

Die SA vlag



Oor drie maande kom daar baie oorsese mense sokker kyk. Hulle sal die vlag sien, maar min weet waarvoor die kleure staan:

ROOI is die SON (nie die aarde nie) so dis bo.

BLOU is die see (nie die lug nie) so dis onder.

GROEN is die mielielande.

SWART is die meerderheid.

WIT is die minderheid wat toegang tot alles het.

GEEL is die ELEKTRIESE HEINING wat die MEERDERHEID van die mielies af weghou.

Die ouderdom

Om uit te gaan is lekker, om tuis te kom is nog beter.

Mense sê: "Jy lyk goed!" en voeg dan by "vir jou ouderdom."

Jou kinders raak soos jy is, en jy hou nie van hulle nie - maar jou kleinkinders is perfek.

Wanneer jy afslag op alles kry maar te moeg is om daarvan gebruik te maak.

Jy vergeet name, maar dis oukei, want die ander mense het vergeet dat hulle jū ken.

Jy gebruik meer drieletterwoorde - soos wat, hoe, wie.

Jy lees die eerste 100 bladsye in 'n boek voordat jy ontdek jy het hom al gelees.

Jou sproete is nou lewerkolletjies.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Wenke vir Bome en Grasperke

BOOM WENKE (vervolg van vorige plasing)

Moenie rubberbome naby geboue plant nie, hul geweldige wortelstelsel laat mure en fondasies maklik kraak.

Plant bladwisselende bome soos acacias, stinkhout en esdoring aan die noordekant van die huis om skadu te gee in die somer, maar son deur te laat in die winter.

Om te keer dat boomstompe weer begin groei:

Boor gate van 1-8 cm in deursnee aan die borand van die stomp en 10-15 cm van mekaar, oral in die stomp. Vul gate met kaliumnitraat (salpeter) en verseel met klei of stopverf.

Ná 4-5 maande kan die stopsel verwyder word en 'n stuk brandende lap kan in die gat geplaas word. Die stomp sal smeul totdat dit heeltemal veras het.

VINNIG GROEIENDE Bladwisselend Bome:

Apiesdoring, pekanneut, wit stinkhout, koraalboom, Sjinese esdoring en wilde perske.

DROOGTEBESTANDE Bome: Keurboom, blinkblaar-wag-'n -bietjie, akkerbome, karee, kameeldoring, platkroon, boerboon.

GRASPERKE

Voordat gras aangeplant word, moet die grond deeglik voorberei word. Spit dit om tot 'n diepte van 100 tot 200 mm en haal alle onkruid en wortels uit.

Strooi superfosfaat eweredig teen 90g/m² en werk dit in tot die volle diepte van die losgemaakte grond. Beenmeel kan alternatiewelik toegedien word.

Strooi dan 2:3:2 teen 60g/m² en hark dit deeglik in die boonste grondlaag in. Nou kan die gras gesaai of geplant word.

Behalwe baie water, het 'n grasperk twee keer 'n jaar (lente en herfs) 'n toediening van kunsmis nodig.

Sny die grasperk baie kort net voor die lente. Belug die wortels van die grasperk indien nodig met 'n tuinvurk of penroller nadat dit deeglik natgemaak is. Dien 3:2:1 toe teen 45g/m² of 4:1:1 teen 60g/m². Ná toediening moet die grasperk baie goed natgemaak word.

Grasperke moet elke 3-4 jaar kort afgesny word. Hark die gras los sodat die lopers regop staan en sny dan met 'n grassnyer op die laagste gestel om die gras gelyk met die grond af te skeer. Gee voeding en baie water daarna om mooi egalige en nuwe groei aan te wakker.

In die somermaande kan, om die gras lowergroen te hou, elke ses weke ureum of ammoniumsulfaat toegedien word. Gee net baie water om te voorkom dat die wortels brand.

WENKE:

'n Bolaag hoef nie gegee te word nie, slegs om ongelyke plekke mee op te vul.

'n Ou sif is nuttig om kunsmis oor die grasperk mee uit te strooi.

KRAALMIS:

Beesmis: gebruik 3 kruiwavragte per 30 vk meter.

Skaapmis: gebruik 2 kruiwavragte per 30 vk meter.

Hoendermis: gebruik ¾ kruiwavragte per 30 vk meter.

BESOEK RETHA SE WEBWERF BY <http://www.onsdorp.com/somaakmens/>

Golden Retriever (Wes-Kaap)

Ek is op soek na 'n golden retriever babahondjie om te koop in die Wes-Kaap. Is daar iemand wat weet van 'n betroubare teler wat ek kan kontak, of wat self 'n teler is? Riana Spamer mrspamer@telkomsa.net



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BOTES

botesn@mweb.co.za Ek is op soek na my voorouers en waar hulle vandaan kom, my pa Petrus Johannes Botes (Kempton Park 1953), sy pa Marthinus Johannes Hendrik (Zwartruggers 1921), sy pa Petrus Johannes Botes (Bloemhof 1891)

DE BEER

fdebeer@netactive.co.za DE BEER CD beskikbaar

DE KOKER

barendd0@gmail.com My voorvaders was almal Barend Jan. was woonagtig in Maretsane-omgewing. Enige inligting sal waardeer word.

DE JONGH VAN ARKEL

riaan007ster@gmail.com Wil graag weet waar kom my van vandaan en wie almal my familie is. Wil graag weet of Jan De Jongh Van Arkel van my familie is.

DE KLERK

czarina@deklerkfamily.co.za Johannes Cornelius de Klerk (John), Johannes Cornelius de Klerk (Jack) gebore 1910 Moteno, Johannes Cornelius de Klerk (John) gebore 1938 Pelgrimsrus, Johannes Cornelius de Klerk (Jack) gebore 1966 Welkom, Johannes Cornelius De Klerk (John) gebore 1992 Nelspruit.

DUVENAGE, DUVINAGE

pieterdu@penta-net.co.za Ek versamel alle inligting oor die Duvenage- / Duvenhage-familie. Ek het reeds 'n boek geskryf oor die familie as iemand inligting nodig het. Pieter du Venage.

FRONEMAN

petrobekker@ymail.com Het iemand dalk inligting oor die Froneman-familie. 'n Moontlike naam is Phillip Froneman.

KRUGER

erickmei@lantic.net

Ek navors die voorouers van my oupagrootjie, Pieter Ernst Kruger, wat getroud was met Maria Johanna Maré (Maree).

KRYNAUW

krynauw@gmail.com Het reeds 'n stamregister van oor die 700 Krynaus. Wil graag kontak maak met alle Krynaus om die jonger geslagte se inligting te versamel.

LATEN

Latenm1@gmail.com Ek is op soek na geskiedkundige inligting rakend aan die Laten-gesin. Name in die gesin waarna gekyk kan word is Casper, Jan Hendrik en Coenie.

NELL

sonja@emmanuelwhk.com Is afkomstig van die Kaap, my pa was Carel Daniel Nell gebore 23 Februarie 1937 het 'n suster met die naam Connie Dippenaar.

OBERHOLZER

nielo@uj.ac.za Enige inligting oor Oberholzer in Suid-Afrika. My pa is David Johannes, my oupa was Daniel Cornelius en sy pa was David Johannes. My grootoupa het 5 kinders gehad: Johannes Gerhardus; Daniel Cornelius; David Johannes; Maria Magdalena; Susana Hester

PELSER-TIRAN

anntiran@polka.co.za

Addisioneel: Navorsing: PelsersRobbertsexxBekker + voorsate MacDonaldx EsterhuizenxVan Eck. Baie ander vanne kom voor in die voorsate van my familie, te veel om te noem....Eva Krotoa, Rosina en nog 'n paar is stammoeders.

Verblyf – Gratis! (KZN)

Gratis verblyf as jy my huis IN Margate oppas..

Om en by 16 Jan.tot 21 Feb. 2011 wil ons Kaapstad toe toer, maar ek het 3 honde, 8 Hoenders en Kanaries. Iemand moet in die huis slaap ter wille van die diere. Kontak Berna Scheepers tkbs@absamail.co.za

Verblyf (Coligny)

Gerieflike, volledig toegeruste selfsorg oornag eenhede te huur. Ons is geleë in Coligny so indien u deur Noordwes reis kan u gerus van ons dienste gebruik maak. Enkelslaapkamer eenheid slaap 5 persone, dubbelslaapkamer eenheid slaap 8 persone. Kontak Jan 083-468-6700 of besoek webblad vir meer.

jsjordan@telkomsa.net www.lichtenburg.co.za

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Die hele ABC-rympie

Willie Bruwer, Douglas:

In die vorige uitgawe van Kammanuus was daar 'n ABC-rympie wat nie volledig was nie. Hier is die volledige een:

A – Abel	B – Babel	C – Knoffel	D – Dobbel
E – Edelman	F – Fransman	G – Gek	H – Hoender
I – Ink	J – Jakkals	K – Kraal	L – Lepelmaker
M – Messemaker	N – Neutekraker	O – Olifant	P – Petrus
Q – Kwikstert	R – Reier	S – Seepot	T – Tier
U – Uil	V – Valk	W – Wolf	X – Eksteen
Z – Suikersak			

Daar is ook 'n ander een wat so begin:

A is 'n aap
 B is 'n bees
 C was so amper 'n sekel gewees
 D is 'n donkie hy skop agterop
 E is 'n eend met 'n bles voor die kop
 F is

(Uitstekend, Willie – dankie vir die juweeltjie! Ken jy of iemand anders die ander rympie verder? – Hennie)

Beste in jarre!

Susan Jacobs, Kanada:

Kyk hierdie week se brief was absoluut uitstekend - verseker die aller beste in jarre! My man en ek het so gelag dat ons later kompetisie kon hou oor wie die hardste en lekkerste lag. Afrikaans is 'n fantastiese taal en dit klink net nie dieselfde in 'n ander taal nie! Baie dankie vir die stress-wegvee-bydrae.

Ja my man moes ook met 'n knoffelsakkie om sy nek loop - ai tog. So bly daardie jare is verby!

Ek onthou dat my ma ons vertel het dat ons doeke uit Sasko meelsakkies bestaan het na die oorlog. Die wit sakke was losgetrek en gewas, maar ek weet nie hoe dit ons boude drooggehou het nie. Dit moes seker groot sakke gewees het.

Toe kom die flennie en handdoek doeke in toe ons kinders gehad het en vandag is dit papierdoeke. Wonder of die volgende geslag kaal gaan loop?

Selfone

Nuwe oorbodige voorraad Nokia 1209 fone te koop.
 Prys R230 elk plus posgeld. Kontak monty@tytanguroup.com
www.gsmarena.com/nokia_1209-2222.php

Vervoer (Kaapstad)

Benodig u vervoer van of na die Kaapstad lughawe of na enige ander plek in die Kaap? Ons Afrikaanssprekende eienaar-chauffeurs sal u met graagte in 'n Mercedes kom oplaai. Hul beskik oor PDP's en ons het ook Skytrack vir u veiligheid. Skakel 076 484 3696 of contact@swiftsa.co.za www.swiftsa.co.za

Bergfietse (Montana)

Vir die beste en vriendelikste dienste en herstel van Bergfietse, Padfietse, BMX'e - enige fiets groot, klein, oud OF nuut. West End Ssentrum, Winkel LG 02, H/v Zambezi & Veronicaweg, Montana 0151. Tel. 012-543-0678. Ons het gereeld spesiale pryse op van ons produkte.
montanacycles@gmail.com www.montanacycles.co.za

Chihuahua gesoek (Margate)

Soek 'n Chihuahua-hondjie. Bly in Margate. Hier is dit nie eens te koop of te steel nie. Groot asseblief, ek is op pensioen en ken Chihuahua's.
tlkbs@absamail.co.za

AGTEROS

PAPPA KRY PAK

Twee sekondes later sien ek hier kom sy weer, maar dié keer met 'n besem. Ek het nooit gedink sy weet wat 'n besem is nie, maar sy weet hoe om met hom te slaan.

Hulle sê 'n mens praat nie oor jou huweliksprobleme met vreemdelinge nie. So ek het besluit ek skryf maar liewers daarvoor, en as hierdie storie, soos Joost se boek, net een man kan help, het ek my doel bereik.

Elk geval om 'n kort storie lank te maak gaan ek by die begin, begin. Ek het 'n sout van die aarde kerkmens getrou - die tipe mens met wie jy 'n lang pad kan loop, 'n graad R-onderwyseres, 'n saggearde Namakwa-bloeiseltjie.

Min het ek geweet daai bloeisel kan verander in 'n kaktus ná twee jaar van huwelikslewe.

Soos met meeste struwelinge in 'n huwelik, begin dit gewoonlik met jou vriende en my vriende. Ek kry toe mos nou gister 'n oproep van my Vetplantjie wat sê ons gaan vanaand baba kyk. Nou baba kyk is nie hoog op my lys van lekker dinge nie, veral nie as dit volksvreemde mense is nie.

Ek noem toe so saggies dat ek dit nie kan maak nie, en die volgende oomblik word daar 'n selfoon in my oor neer gesmyt. Nou ek het nie gedink 'n mens kan 'n selfoon soos 'n ou huisfoon gooi nie, maar Mamma is toe so moerig, ek hoor eintlik hoe tref hy die Renault se *dashboard*.

Nou ek is ook nie 'n week getroud nie en ken Mamma se bollie en stuipe. Eers kry ek die *silent treatment*. Sy dink dit is 'n straf, maar dit is eintlik erg rustig.

Toe dit nie werk nie, kry ek die koue skouer en die sarkasme. Nou as jy regtig jou vrou wil kwaad maak dat sy die mure uitklim, dan moet jy maak asof jy nie die sarkasme verstaan nie. Sy het toe gedink ek gaan ingee en saamgaan om vrede te bewaar en haar haar sin gee, maar toe nie.

Toe sy besef ek gaan nie saam nie, trek daai bo lippie styf soos iets in spasme, en jy moet weet as daai lippie styf trek, mag jy nie eens saans agter die twee wit brode jou lê kry nie, watwo iets anders.

Maar so staan ek mos nie bakhand nie en ek besluit om aan te gaan met my lewe terwyl sy na 'n dag oue baba deur 'n venster gaan kyk, van mense wat ons een keer in twee jaar sien.

Elkgeval sy kom toe eerste by die huis en bel om te hoor waar ek rondloop. Ek verduidelik ek is by die winkel en kom nou. Koop nogal ewe 'n Coke en Sweetie Pie vir haar om te wys ek gee om. Nie dat ek bang is nie, hoor!

Toe ek daar inkom, kry ek steeds die stywe lippie, en daar is niks gemaak om te eet nie. Dit is mos die ander straf, "ek staak huiswerk omdat ek nie my sin gekry het nie". Maar my hande is nie rond nie en ek maak vir myself 'n toebroodjie.

Toe sy sien die "ek staak" werk nie, kom staan sy voor my en toe begin die moeilikheid. Die nêg-stadium, 'n gekerm en gekla tot in alle ewigheid. Die bybel praat van 'n vlammehel, ek sê as daar 'n hel is, sal dit wees waar jy sit met sewe vrouens wat gelyk sanik oor hoe 'n slegte mens en man jy nou werklik is. Die ouens wat getroud is, sal beter verstaan wat ek hiermee bedoel.

□ □ □ □

Maar so is ek mos nie 'n klip nie, en raak ook moerig en sommer vinnig, en besluit maar nou sit ek my voet neer. Verduidelik toe vir haar dat ek nie werklik minder kan omgee oor wat haar vriende van my dink omdat ek nie gaan goo-goo, gaa-gaa het nie. En dat sy moet oor dit kom, of haar bui gaan afstap en my uitlos. Maar steeds hou sy nie op nie, en ek besluit maar nou is dit tyd om handgemeen te raak.

Nou, ek besef jy mag hulle mos nie meer slaan soos in die goeie ou dae nie, en ek gooi toe maar 'n bord teen die kombuisvloer neer. Man die stukke het nog nie eens gaan stil lê nie of sy gryp my beursie en pluk my tweede laaste R50 vir die maand daaruit en sê sy gaan more 'n nuwe bord koop.

Maar teen die tyd is ek al so lirie die hel in, en ek ruk sommer self my laaste R50 uit en sê sy moet maar twee koop, en ek gryp nog 'n bord en mik-mik so na haar voete met 'n wilde swaai-beweging van my arm asof ek epilepsie kry. Sy skrik en koes-koes so gelyk, want sy dink hoe gaan sy vir haar vriende verduidelik ek het haar toon met 'n bord gebreek.

Maar met die wilde aapdans van haar begin ek net te lag en besef hoe belaglik die hele affêre nou eintlik is.

Groot fout, my broer: jy lag nie vir 'n vrou wat kwaad is nie! Eers gryp sy die sleutels en gooi, maar sy mis my net-net en gooi amper die agterdeur se ruit uit. Toe gryp sy 'n liter Coke. Ek wou nog koes, maar toe tref hy my net so links onderkant my Meneer se voerpunt, so langs die knie. Sjoe! Dit was amper!

Maar die aanval stop toe nie daar nie en mamma storm die kombuis binne soos een van daai mal vrouens op *Flavour Flavé*. So besef ek ek het myself in die kombuis vasgekeer, 'n groot fout.

En die dag voor dit het ons *Ninja Assisans* gaan kyk, nog 'n groot fout. Ek dog sy sê dit was 'n swak fliek, maar sy het duidelik meer aandag as ek gegee. Sy trek daar los met kaal hande, maar daai arms swaai asof sy twee ninjakas met spykers in rondslinger.

Ek fokus en gryp haar om die polsgewrigte om die aanslag te keer, maar sy doen daai *flying-kick-back-twist-ankle-grinder move* en trap my op die bors so tussen my manlike tieties. So skop my so hard dat ek hik en op my gat gaan sit.

Daar lê ek in die kombuis so langs die Addis-vullis blik, tussen die stukke gebreekte bord wat my selektief sny soos ek probeer spartel om weg te kom van hierdie begeesterde Bloeisel.

Vir 'n oomblik is ek in skok, en dit voel soos 'n ewigheid wat ek daar lê maar twee sekondes later sien ek hier kom sy weer, maar dié keer met 'n besem. Ek het nooit gedink sy weet wat 'n besem is nie, maar sy weet hoe om met hom te slaan.

Ek het mos nou die dag *National Geographic* gekyk, en besluit om in 'n bondel te gaan lê en maak asof ek dood is, maar dit het nie gehelp nie en ek het steeds op my moer gekry. As dit nie was dat sy so onfiks is nie, was ek seker nou nog op die kombuis vloer tussen die splinters besig om pak te kry soos 'n bergie wat 'n fiets probeer steel het.

Toe alles kalmeer en die hond onder die bed uitkom en die kat van die gordynraam afklim, het ons wel lekker gelag oor die mannewales en vrede gemaak. Maar ja, die storie bewys dat jy wel mans kry wat soms 'n pakslae by Mamma kry, net nooit gedink ek sou een van hulle gewees het nie.

Die blink kant van alles is dat ek nou soos 'n baba slaap, want ek weet as daar 'n inbreker kom, gaan hy goed op sy moer kry. Ek hoop net hy breek eers 'n bord.

VLAG

Dit is die vlag van die Meditterreense eiland Korsika, die geboorteplek van Napoleon Bonaparte en is sedert 1769 deel van Metropolitaanse Frankryk.

Die vlag toon die kop van 'n Moor met 'n bandana bokant sy oë. Vroeër – toe Frankryk die eiland van 1769-1789 regeer het – het die bandana sy oë bedek, maar dis later afgeskuif om die bevryding van die Korsikaanse volk te simboliseer.

Dit het in onbruik verval, maar is sedert 1980 die amptelike vlag van die eiland.

KRULHARE

Die plek waar die meeste vroue krullerige hare het, is Afrika. (Wat het julle dan gedink?)